SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Bewaring deur volhoubare benutting / Conservation through sustainable utilisation

UNIVERSELE REËLS BY JAGGEBASEERDE SKIETOEFENINGE

Inhoudsopgawe:

Item: Beskrywing

1. Algemeen
2. Skietbaanveiligheidsreëls en Standaardbevele
3. Beskerming, ondersteuning en hulpmiddels
4. Gewere
5. Knaldempers
6. Trompremme en tromprem/knaldemper kombinasies
7. Inneem van hoër skietposisies en mediese of fisiese beperking
8. Tydperk op die skietpunt vir skuts “om gereed te maak”
9. Deel van vuurwapens deur skuts tydens streek- en nasionale skietkompetisie
10. Afkoel van gewere tussen skietoefeninge
11. Hantering van ondiensbare wapen
12. Bystand en of afrigting tydens streek of nasionale skietkompetisies
13. Telling
14. Erkenning
15. Gedrag, toerusting, tegnieke of enige iets anders wat nie in die gees van die spesifieke skietoefening is nie
16. Dispuutkomitee
17. Inskietbaan
18. Skietposisies (lê-, sit-, kniel-, en staanposisies)
19. Inligtingsessies en opleiding van Baanoffisiere/-beamptes voor skietkompetisie
20. Inligtingsessies van deelnemers voor skietkompetisie

---

1. Algemeen

Dié dokument (Universele Reëls by Skietoefeninge) is van toepassing by alle SAJWV jag-gebaseerde skietoefeninge.

2. Skietbaanveiligheidsreëls en Standaardbevele

Verwys na “Skietbaan veiligheidsreëls vir Deelnemers” en “Standaardbevele op die skietbaan” – dokument: J006.35.03A - vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

3. Beskerming, ondersteuning en hulpmiddels

3.1 Oor- en oogbeskerming

3.1.1 Oorbeskerming is verpligtend vir skuts op die skietpunt en ook vir toeskouers binne 15 m van die skietpunt;

3.1.2 **Oogbeskerming (skietbrille)** is verpligtend vir skuts op die skietpunt en die skut moet deur die bril kyk en die bril moet dus die oë van die skut ten volle beskerm – die gebruik om bo-oor of onder-deur die bril te kyk is nie toelaatbaar nie.

3.2 **Skietstokke - s**kietstokke moet opvoubaar wees, gemaklik in die jagveld saamgedra kan word en moet onafhanklik op drie bene staan vir stabiliteit. Stokke wat tot staanhoogte gebruik kan word (kan ook vir lê, sit en knielhoogte gebruik word) se gewig word beperk tot ‘n maksimum van **2.4 kg**, die wat net tot sit/knielhoogte gebruik (kan ook vir lê hoogte gebruik word) kan word, tot **1.4 kg** en die wat net tot lê-hoogte gebruik kan word, tot **0.4 kg**. ‘n Haak/stut/verdikking waarop die geweer kan rus mag slegs op een van die bene gebruik word. ‘n Kanaal of ander ondersteuning wat die geweer onafhanklik op een poot of bo-oor ‘n driepoot kan ondersteun is nie toelaatbaar nie. Opvoubare Harris-tipe tweepoot aanhegtings mag gebruik word ongeag hulle gewig en kan tussen afstande op dieselfde skietoefening aangesit of afgehaal word. Die skietstok waarmee die skietoefening begin word, is die skietstok waarmee die oefening klaargemaak moet word (bv. al 9 of 12 skote op die Bosveld skietoefening). Indien meer as een stel skietstokke gebruik word vir verskillende skietoefeninge tydens ‘n skietkompetisie waar skietstokke geweeg word, moet elke stel geweeg word (bv. een stel vir die Bosveld- en een stel vir die Vlakte skietoefening).

3.3 **Skietstoeltjie - die gebruik van ‘n skietstoeltjie as alternatief word toegelaat vir alle skuts** wat nie plat op die grond kan (a.g.v. ‘n mediese of fisiese beperking) of wil (a.g.v. voorkeur) sit nie. Die skietstoeltjie moet draagbaar wees sonder arm- of rugleunings. Sien alternatiewe sitskietposisies met ‘n skietstoeltjie hieronder.

3.4 **Skiettafels** - die gebruik van skiettafels is ontoelaatbaar, behalwe waar die skietoefening dit spesifiek toelaat soos bv. vir ingeperkte persone en by presisie (*benchrest*) skietoefeninge.

3.5 **Geweerbande -** geweerbande mag gebruik word vir ondersteuning en moet op twee plekke aan die geweer bevestig wees – een hegting voor en een agter die snellerbeuel op die geweerkolf so geposisioneer dat die geweer met behulp van die geweerband op die tradisionele wyse oor die skouer gedra kan word. Die geweerband mag net rondom een arm en/of gewrig gebruik word maar mag nie rondom enige ander deel van die skut se lyf gebruik word nie en mag dus nie oor byvoorbeeld die skouer/rug gestut word of op die grond vasgetrap word nie. ‘n Geweerband mag altyd gebruik word behalwe waar dit in ‘n spesifieke skietoefening nie toegelaat word nie soos bv. by die Swaarkaliber skietoefening.

3.6 **Skietbaadjies en skiethandskoene**

3.6.1 **ligte jag/skietbaadjies** mag gebruik word. Skyfskietbaadjies (bv. stywe Bisley tipe skiet-baadjies met hake en gespes wat die baadjie styftrek rondom die skut se lyf) wat onprakties is vir jag, word nie toegelaat nie. ‘n 100mm Deursnee pyp moet voor in die baadjie kan inpas – indien nie, dan sit die

baadjie te styf en word dit nie toegelaat nie;

3.6.2 **Skiethandskoene** moet lig en buigsaam wees en mag op geen wyse ondersteuning aan die hand en/of gewrig verleen nie;

3.6.3 Die algemene beginsel vir beide skietbaadjies en handskoene is dat dit slegs beskerming moet bied aan die skut teen koue, ruwe oppervlaktes ens. en in die geval van skiethandskoene ook vir ‘n beter greep waar nodig, maar dit mag absoluut geen ondersteuning vir die hand of gewrig bied nie.

3.7 **Die gebruik van “spotting scopes” en/of verkykers** deur die skut of ‘n toeskouer, word nie toegelaat nie;

3.8 **Afstandmeters** (*range finders*) – by veldskietkompetisies – waar die afstande doelbewus onbekend is – word die gebruik van laser afstandmeters nie toegelaat nie. Op skietbane met bekende afstande is afstandmeters onnodig;

3.9 **Windmeters** word toegelaat.

3.10 **Ballistiese programme** op rekenaars/tablette of selfone word toegelaat.

4. Gewere

Vol- en semi-outomatiese gewere mag nie by jaggebaseerde skietoefeninge gebruik word nie.

5. Knaldempers op gewere is toelaatbaar.

6. Trompremme (*muzzle brakes*) en tromprem/knaldemper kombinasies op vuurwapens word nie toegelaat nie tensy die skietoefeninge se reëls dit toelaat.

6.1 Trompremme en tromprem/knaldemper kombinasies op vuurwapens is 'n probleem (dit veroorsaak hoë vlakke van ongerief in terme van klank, "muzzleblast" en dikwels stof) vir naburige skuts. Die gebruik van trompremme en tromprem/knaldemper kombinasies op vuurwapens word nie toegelaat op skietbane waar georganiseerde tak-, streek- of nasionale skietoefeninge en/of kompetisies deur takke van SA Jagters aangebied word nie.

Uitsondering: Op takskietdae en met pretskietkompetisies kan die Takbestuur in hulle oordeel besluit om trompremme en tromprem/knaldemper kombinasies toe te laat op voorwaarde dat dit so gereël word dat daar 'n minimum van 5 m tussen skuts toegelaat word en dat verseker word dat die skuts wat langs 'n tromprem en tromprem/knaldemper kombinasie skiet nie benadeel en/of verontrief word nie, wat klank, "muzzleblast", stof ens betref.

7. Inneem van 'n hoër skietposisie en mediese of fisiese beperking

Indien 'n skut nie 'n voorgeskrewe posisie **kan** (a.g.v. 'n mediese of fisiese beperking) of **wil** (a.g.v. voorkeur) inneem nie, mag die skut 'n hoër posisie inneem, maar die hoër posisie mag nie beter ondersteuning as die laer posisie geniet nie. Die skietposisies is van laagste (lê) na hoogste (staan) in die volgende volgorde: lê, sit-, kniel- en staanposisie. Die baanoffisier moet so 'n skut, akkommodeer na gelang van omstandighede, sonder om hom of haar 'n onregverdige voordeel te bied en sonder om veiligheid op te offer. Indien 'n skut twyfel in die verband moet hy/sy voor die aflossing begin skiet aan die baanoffisier rapporteer, wat dan 'n beslissing sal maak en die ander skuts in die aflossing sal inlig indien enige ander vergunning toegestaan word.

Voorbeeld: Skut **wil** of **kan** nie die lê posisie met ondersteuning slegs voor inneem nie (bv. die Vlakte skiet-oefening op 200m in die lê posisie met beperkte ondersteuning slegs voor – item 18.1.2) en verkies die sitposisie. Die skut kan dan slegs die hoër skietposisie (bv. die sitposisie) inneem met 'n soortgelyke enkele ondersteuning. Sien item 3.3 in verband met die spesifieke gebruik van 'n skietstoeltjie in die sitposisie as alternatief.

8. Tydperk op die skietpunt vir skuts "om gereed te maak"

Na die bevel "neem skietposisie in en verstel visiere/teleskope" gegee is, het skuts maksimum 2 minute om gereed te maak vir die bevel "laai en maak gereed". Die tyd kan verkort word mits al die skuts aangedui het dat hulle gereed is, by bv. die Grootkaliber skietoefening waar dit dikwels nie so lank neem om gereed te maak nie. Hierdie reël het die doel om onnodige verspeling van tyd deur skuts op die skietpunt, te beperk.

9. Deel van vuurwapens deur skuts tydens streek- en nasionale skietkompetisies

9.1 Die volgende algemene voorwaardes geld vir die deel van wapens:

9.1.1 Die persone wat 'n geweer deel moet in aparte aflossings skiet om enige ongerief vir die ander skuts in 'n aflossing te verhoed;

9.1.2 Die praktyk om in dieselfde aflossing op elke afstand eers die een skut en dan die ander skut te laat skiet met dieselfde vuurwapen terwyl die res van die aflossing moet wag vir die tweede skut word nie toegelaat nie;

9.1.3 Die lisensiehouer moet teenwoordig wees en soos toeskouers ten minste 10m agter die skietpunt wees terwyl die lisensiehouer toesig hou terwyl die nie-lisensiehouer skiet;

9.1.4 slegs toesig deur die lisensiehouer word toegelaat, afrigting word nie toegelaat nie;

9.1.5 Die verantwoordelikheid berus by die skuts wat die wapen deel om te verseker dat hulle die organiseerders by voor-af registrasie reeds in kennis stel watter persone die wapen deel om te verseker dat die adminstrateurs van die kompetisie hulle betyds in aparte aflossings indeel.

9.2 **Verdere spesifieke voorwaardes vir die deel van senterslag jaggewere**:

9.2.1 Dit word tussen enige twee persone toegelaat;

9.2.2 'n maksimum van twee persone mag 'n vuurwapen deel op dieselfde dag by dieselfde kompetisie;

9.3 **Verdere spesifieke voorwaardes vir die deel van luggewere en 22 randslaggewere**:

9.3.1 Meer as twee persone mag 'n luggeweer of vuurwapen deel mits die hoeveelheid aflossings dit kan akkomodeer.

10. Afkoelperiode vir gewere

10.1 Indien daar op enige afstand met senterslaggewere meer as een skietoefeninge geskiet word op dieselfde afstand met drie of meer skote per skietoefening, kan daar 'n afkoelperiode van tot vyf minute tussen die skietoefeninge gegee word;

10.2 Die baanoffisier vra die skuts of hulle 'n afkoelperiode wil gebruik en 'n eenparige besluit deur al die skuts in die aflossing word vereis om te bepaal dat daar nie 'n afkoelperiode nodig is nie. Indien een of meer skuts versoek dat hulle wel 'n afkoelperiode wil gebruik, dan moet hulle versoek voorkeur kry en 'n afkoelperiode moet toegestaan word.

11. Hantering van 'n ondiensbare vuurwapen

'n Skietoefening moet met een geweer voltooi word. Geen deelnemer mag sy vuurwapen wissel met 'n ander vuurwapen gedurende 'n skietoefening nie, tensy die vuurwapen ondiensbaar raak a.g.v. 'n onderdeel wat breek of onklaar raak en nie doelbewus deur die skut veroorsaak is nie. Die Baanoffisier moet bevestig dat die vuurwapen wel ondiensbaar is alvorens die skut toegelaat word om 'n nuwe wapen te gebruik.

'n Ondiensbare vuurwapen is 'n wapen wat nie gelaai, ontlaai of afgevuur kan word op 'n normale wyse nie en potensieel gevaarlik kan wees vir die skut en omstanders. 'n Vuurwapen wat geval het of gestamp is en die visiere of teleskoop is sodanig beskadig dat die Baanoffisier dit visueel kan waarneem word ook as ondiensbaar geklassifiseer. Ander voorbeelde van ondiensbare wapens is: 'n dop wat in die kamer vassit of afgebreek het of 'n sneller wat onverwags "lig" afgaan wanneer die grendel gesluit word.

Snellerdruk: daar is geen beperking op snellerdruk nie, maar dit is die skut se verantwoordelikheid om te verseker dat die snellerdruk op sy vuurwapen veilig is. Nalatige, voortydige (vroeë) en laat afvuur van skote en optrede teen skuts word hanteer in item 15.4.

Die skut moet toestemming vra en kry by die Baanoffisier om 'n tweede vuurwapen te gebruik. Bv. op die Bosveldskietoefening breek die dop af in die geweer se kamer met die tweede skoot op die 100m staan oefening. Die skut vestig die Baanoffisier of Baanbeampte se aandag op die probleem. Die Baanoffisier bevestig dat die vuurwapen ondiensbaar is en die skut kry toestemming om vir die oorblywende oefening op 50m 'n ander geweer te gebruik.

Die twee skote nie geskiet op die 100m oefening nie verbeur die skut vir tellingdoeleindes. Enige skoot wat tydens die skietoefening in ‘n veilige rigting afgevuur is, al het die skoot afgegaan as gevolg van bv. ‘n foutiewe sneller, sal vir telling doeleindes as ‘n kwalifiserende skoot beskou word.

Twee skuts mag nie dieselfde vuurwapen in dieselfde aflossing gebruik indien ‘n vuurwapen ondiensbaar raak nie. Hierdie is ‘n praktiese reëling om die ontwrigting van die ander skuts te verhoed.

12. Bystand en/of afrigting tydens streek of nasionale skietkompetisies

Afrigting of bystand tydens streek of nasionale skietkompetisies word nie toegelaat nie. Die enigste uitsonderings is die volgende:

12.1 Die skuts op die skietpunt mag tydens die skietoefening met mekaar kommunikeer maar die kommunikasie mag nie ander skuts ontwrig nie. Skuts mag op geen manier met nie-skuts kommunikeer nie.

12.2 Gedurende deelname deur ‘n ingeperkte skut, mag hy/sy fisies bygestaan word om in posisie te kom tot op die skietpunt en die skut mag verder bygestaan word op die skietpunt indien nodig geag en in die uitsluitlike oordeel van die Baanoffisier, maar geen afrigting word toegelaat nie.

13. Telling

13.1 **Lynskote -** Indien ‘n skoot ‘n lyn tussen twee aangrensende tel-areas op die teiken raak, kry die skut die voordeel van die hoër telling. Indien die lyn egter tussen ‘n minus en nul geraak word, tel die minus want dan is die bok gekwes. Die lyn moet net geraak wees en hoef nie heeltemal gebreek te wees nie. Geen koeëls of ander voorwerpe mag in die gat gedruk word nie.

13.2 **Kaliber meetplaatjie -** Indien daar twyfel bestaan moet die standaard SAJWV kaliber meetplaatjie (*caliber gauge*) gebruik word om te bepaal of ‘n skoot die lyn raak of nie. Die lyne van die sirkels op die kaliber meetplaatjie vir die verskillende kalibers se buitedeursnee is kalibergrootte en indien die lyn van die sirkel wanneer gesentreer oor die koeëlgat, die lyn op die teiken raak, dan word die telling bepaal as ‘n skoot wat die lyn raak.

13.3 **Fotos met Sellulêre telefone** – indien daar twyfel bestaan oor twee, drie of meer skote deur dieselfde gat in die teiken, word die gebruik van ‘n selfoonfoto aanbeveel wat vergroot kan word as bystand om die besluit te neem.

13.4 **Skoot na die tyd geskiet -** Indien ‘n skoot ná die bevel “stop” geskiet word, verloor die skut die hoogste punt op die teiken.

13.5 **Te veel skote op die teiken -** In die geval waar daar te veel skote op ‘n teiken is, moet die baanoffisier eers bepaal of daar skote kort op die omliggende teikens. Indien wel, moet daar eerstens probeer word om onderskeid volgens kaliber te tref:

13.5.1 Daar kort skote op omliggende teiken/s en onderskeid volgens kaliber is wel moontlik: Die teiken met die ekstra skoot/skote se telling word bereken na die ekstra skoot/skote weggelaat is. Die oortreder wat op ‘n verkeerde teiken geskiet het, verbeur die telling vir die skote wat op sy/haar eie teiken kort.

13.5.2 Daar kort skote op omliggende teiken/s en onderskeid volgens kaliber is nie moontlik nie: Indien dit nie moontlik is om onderskeid volgens kaliber te tref waar daar te veel skote op die teiken is nie, word eerste die laagste telling afgetrek, daarna die hoogste en dan weer die laagste totdat al die oortollige skote verreken is. Indien die skut voel dat hy benadeel word, kan hy versoek om die oefening oor te skiet. Die oortreder wat op ‘n verkeerde teiken geskiet het verbeur die telling vir hierdie skote.

13.5.3 Indien daar egter te veel skote op ‘n teiken is, en niemand kort enige skote in die omgewing nie, en die kalibers kan nie onderskei word nie, dan word die hoogste tellings verminder totdat die korrekte aantal skote op die teiken oorbly. Die skut het in die geval nie die keuse om die oefening oor te skiet nie.

13.6 **Uittel van wenners met gelyke tellings tydens skietkompetisie**

13.6.1 stap 1 – gebruik die aantal v-kolle om uit te tel per skietoefening, daarna

13.6.2 stap 2 - gee meer waarde aan die skietoefening op die langste afstand indien gelyke totale wedstrydtellings, daarna

13.6.3 stap 3 - indien die wenner steeds nie bepaal kan word nie, kyk dan watter skut het die minste lynskote (enige skoot wat ‘n lyn raak)

13.6.4 Item 13.6.1 en 13.6.2 is programmaties ingebou in die SAJWV rekenaarprogram vir punteverwerking. Indien die program steeds nie kan onderskei nie, moet die lynskote vir die betrokke teikens per hand getel word om die wenner te bepaal – die skut met die minste lynskote kry die voordeel.

14. Erkenning

Slegs die eerste skietoefening op ‘n dag kwalifiseer as ‘n erkende kwalifiserende telling vir registrasie (op die taktablet of andersinds) en ‘n moontlike skietbalkie – ‘n tweede en daaropvolgende pogings se resultate geld nie. Die gebruik van ‘n sub-kaliber om eers ‘n skietoefening te skiet en om daarna op dieselfde dag ‘n kwalifiserende skietoefening te skiet met ‘n volwaardige kaliber is ook nie toelaatbaar nie. Bv. die gebruik van ‘n 308 Win in ‘n oefensessie en daarna ‘n swaarkaliber wat kwalifiseer vir die Swaarkaliber skietoefening is nie toelaatbaar nie.

15. Gedrag, toerusting, tegnieke of enige iets anders wat nie in die gees van die spesifieke skietoefening is nie - Enige gedrag, toerusting, tegnieke of enige iets anders wat volgens die baanoffisier nie in die gees van ‘n spesifieke skietoefening is nie, onveilig is of ander skuts verontrief mag deur die Baanoffisier verbied word. Indien daar twyfel in die verband bestaan, moet dit met die Skietkomitee uitgeklaar word.

15.1 Selfoonprotokol op die skietpunt – Alle skuts en Baanoffisiere/-beamptes se selfone/tablette moet op “silent” wees tydens skietaktiwiteite. Skuts mag nie oor selfone gesels nie. Baanoffisiere/- beamptes mag slegs selfone gebruik vir amptelike funksies soos bv. die neem van fotos of die hou van tyd. Geen ander gebruike van selfone wat Baanoffisiere/-beamptes se aandag aftrek van hul funksies/verantwoordelikhede word toegelaat nie.

15.2 Nie-rook areas – skietpunte tot en met 10m agter die skietpunt en veiligheidsareas is nie-rook areas tydens skietaktiwiteite.

15.3 Kleredrag – Skuts se kleredrag moet van so ‘n aard wees dat dit nie ‘n verleentheid vir ander skuts, toeskouers en baanoffisiere/-beamptes skep nie, en die oordeel van die hoofbaanoffisier in die verband is finaal. Die skut sal deur die hoofbaanoffisier versoek word om die kleredrag reg te stel alvorens die skietoefening begin of om die skietbaan te verlaat. Indien die skut verkies om die skietbaan te verlaat sal dit as ‘n diskwalifikasie aangeteken sal word.

15.4 **Warmmaakskote** (opwarmskote) net voor of tydens die skietoefening word nie toegelaat nie! Wanneer die skut op die skietpunt aantree vir die skietoefening word net die gespesifiseerde hoeveelheid skote volgens die reëls van die skietoefening direk op die teiken toegelaat.

15.5 **Spesifieke reëls i.v.m. toerusting:** Die volgende spesifieke reëls geld in verband met toerusting op die skietbaan:

15.5.1 Geen harde oppervlakte soos ‘n houtplank, plastiek- of metaalplaat ens. is toelaatbaar op die skietpunt as rus vir skietstok of Harris tipe “bi-pod” of “monopod” nie. Die skietmat moet buigbaar en opvoubaar wees;

15.5.2 Die skietmat of geweersak mag verder gebruik word in die sit of knielposisie om ‘n sagte oppervlakte vir beskerming te skep om op te sit of te kniel (bv. onder die knieë), maar dit mag nie gebruik word vir ondersteuning of om die wapen te stut nie.

15.5.3 ‘n Normale skut (geen ligaamlike beperking) se toerusting moet van so ‘n aard wees dat hy/sy in staat is om self al sy toerusting vir een skietoefening op die skietbaan te dra van een skietpunt na die volgende. ‘n Senior persoon of ‘n ingeperkte skut kan deur ‘n helper bygestaan word.

15.6 **Dissiplinêre optrede teen skuts wat veiligheids-, skietoefening- of kompetisiereëls oortree of hom/haar nie aan die bevele van die Baanoffisier onderwerp nie – verwys na item 15 van die Handleiding vir Baanoffisiere:**

15.6.1 Onveilige optrede deur ‘n skut – in die geval van onveilige optrede deur ‘n skut, maak die Baanoffisier die besluit en sy beslissing is finaal;

15.6.2 Die volgende oortredings moet in die oordeel van die Baanoffisier op die telkaart aangeteken word as “voorlopig” met ‘n beskrywing van die oortreding en verwys word na die Dispuutkomitee vir ‘n beslissing:

a) Oortreding van ‘n skietoefening- of kompetisiereël en/of

b) doelbewuste oortreding van kompetisiereëls deur ‘n skut om hom/haarself te bevoordeel.

15.7 **Nalatige, voortydige (vroeë), en laat afvuur van ‘n skoot en optrede teen ‘n skut.**

15.7.1 Die volgende definsies word aangehaal uit die SA Jagters Baanoffisierhandleiding:

15.7.1.1 Item 2.5: **Nalatige afvuur van ‘n skoot** - is die afvuur van ‘n skoot, of ‘n besering veroorsaak is al dan nie, wat gebeur terwyl die skietbaan veilig is, m.a.w. voor die Baanoffisier die skietbaan as “gesluit” verklaar het of na die Baanoffisier die skietbaan as “veilig” verklaar het;

15.7.1.2 Item 2.6: **Voortydige (vroeë) afvuur van ‘n skoot** – is die afvuur van ‘n skoot wat gebeur tussen die Baanoffisier se bevel “die baan is gesluit” en die bevel om te begin skiet, of dit gegee word deur ‘n fluitjie te blaas of die bevel “vuur”!;

15.7.1.3 Definisie van nuwe item: **Laat afvuur van ‘n skoot** – is enige afvuur van ‘n skoot wat gebeur na die Baanoffisier se bevel “stop” en voor die bevel “ontlaai, maak veilig”

15.7.2 **Optrede teen skut in die geval van:**

15.7.2.1 ‘n **Nalatige skoot** – die skut word dadelik gediskwalifiseer en moet sy wapen veilig maak op bevel van die Baanoffisier en die skietpunt verlaat. Die skut mag aan geen verdere skietaktiwiteite vir die dag deelneem nie en geen telling word vir die dag geregistreer nie – dit geld by skietaktiwiteite op tak-, streek- en nasionale vlak en die Baanoffisier moet ‘n “Verslag van Insidente” voltooi en volgens voorskrifte indien.

15.7.2.2 ‘n **Voortydige (vroeë) skoot** – die Baanoffisier sal oordeel of die skoot ‘n veiligheidsoortreding was al dan nie. Eerste voorbeeld: Indien die skoot geskiet is na die bevel “almal is gereed – sluit grendel en staan by” en die skoot is veilig in die skietwal vasgeskiet, verbeur die skut daardie skoot en die 30 punte wat dit potensieel kon verteenwoordig. Tweede voorbeeld: Indien die skoot geskiet is voor die bevel “almal is gereed – sluit grendel en staan by” word die prosedure soos in item 15.4.2.1 vir nalatige skote gevolg: die skut word dadelik gediskwalifiseer en moet sy wapen veilig maak op bevel van die Baanoffisier en die skietpunt verlaat.

Die skut mag aan geen verdere skietaktiwiteite vir die dag deelneem nie en geen telling word vir die dag geregistreer nie – dit geld by skietaktiwiteite op tak-streek- en nasionale vlak en die Baanoffisier moet ‘n “Verslag van Insidente” voltooi en volgens voorskrifte indien.

15.7.2.3 ‘n **Laat skoot** – met die laat afvuur van ‘n skoot wat veilig in die skietwal vasgeskiet is verbeur die skut daardie skoot en die 30 punte wat dit potensieel kon verteenwoordig.

16. ‘n **Dispuutkomitee** bestaande uit ten minste 3 lede moet saamgestel word - verwys na “Beleid vir die hantering van dispute by skietkompetisies”

17. Inskietbaan

By streek en nasionale kompetisies moet daar ‘n 100 meter inskietbaan op die dag van die kompetisie voor aanvang van die kompetisie beskikbaar wees. Skuts moet minstens 10 minute totale inskiettyd toegelaat word vir al sy wapens. Inskiet word slegs op 100m toegelaat selfs al laat die betrokke skietbaan langer afstande toe en geen skote mag op afstande verder as 100m geskiet word nie na bv. teikens, klippe of enige ander voorwerpe.

18. Skietposisies

18.1 **Lê skietposisies** word gebruik om toestande in die jagveld te simuleer waar dit moontlik is om te lê en skiet en daar nie bv. gras of ander voorwerpe in die pad is nie:

18.1.1 **Lê posisie sonder enige bykomende ondersteuning** (bv. skietstokke) – uit hierdie posisie is die ondersteuning vanaf die elmboë en mag die geweer, enige hand, pols of voorarm glad nie die grond of enige ander voorwerp raak nie. ‘n Geweerband mag gebruik word. Bv. die Rooibok skietoefening sonder ondersteuning op 200m

18.1.2 **Lê posisie met beperkte ondersteuning slegs voor** - Skietstokke met ‘n enkele steunpunt of ’n Harris-tipe tweepoot mag die geweer slegs voor die snellerbeuel ondersteun. Die skut se nie-sneller hand mag die geweer slegs voor die snellerbeul vashou (die hand en al die vingers moet voor die snellerbeuel wees) en die geweer, enige hand, pols of voorarm mag nie aan die grond of enige ander voorwerp (bv. een been van die skietstok) raak nie. Bv. die Vlakte skietoefening met ondersteuning slegs voor op 200m. Geen vinger of handskoen mag onder die pistolgreep dien as ondersteuning nie.

Alternatief met Harris bipod

18.1.3 **Lê posisie met beperkte ondersteuning voor en agter** – Harris tipe tweepoot of skietstokke mag gebruik word om die geweer voor te ondersteun. ‘n “Monopod” (‘n opvoubare addisionele rus wat agter vas is aan die kolf), of die tweede poot van skietstokke mag gebruik word om die geweer agter te ondersteun. Die ondersteunende hand mag die kolf agter vashou en die kolf mag die grond agter raak. Sandsakke of enige ander tipe toerusting is nie toelaatbaar nie. Bv. die Vlakte skietoefening met beperkte ondersteuning voor en agter op 300m.

Alternatiewe sitposisie op skietstoeltjie, met vrye ondersteuning

op skietstokke met die Vlakte skietoefening, op 300m.

18.1.4 **Lê posisie met vrye ondersteuning voor en agter** en enige tipe rus mag die geweer apart voor en agter ondersteun. Vaste inskietrame is egter nie toelaatbaar nie. Bv. die 300m Jakkals skietoefening met vrye ondersteuning voor en agter.

Toelaatbaar: sandsakkie agter onder die kolf

18.2 **Sit-skietposisies** word gebruik om toestande in die jagveld te simuleer waar die skut 'n hoër skietposisie moet inneem om bv. bo-oor gras of ander voorwerpe te skiet en die lê posisie te laag is:

18.2.1 **Sitposisie sonder enige bykomende ondersteuning** (bv. skietstokke) – die gewig van die liggaam word deur die boude ondersteun. Geen deel van die bene mag aan die grond of enige ander kunsmatige hulpmiddel raak nie. Die bene mag in die oop of gekruisde posisie wees, die enkels en kuite mag op die skut se skoene rus wanneer die bene gekruis word en mag voor die voorpunt van die skietpunt wees. Die geweer mag op enige gemaklike manier houvas word, op voorwaarde dat die geweer in die skouer of armholte of teen die bo-arm (*biceps muscle*) gehou word. Bv. die Rooibok en Vlakte skietoefeninge sonder ondersteuning op 100m.

Standaard skietposisie

Alternatief: gekruisde bene

Alternatief: kolf teen bo-arm (*biceps muscle*)

Alternatiewe sitposisie op skietstoeltjie sonder enige bykomende ondersteuning – Bv.die Rooibok skietoefening op 'n skietstoeltjie sonder ondersteuning op 100m.

18.2.2 **Sitposisie met beperkte ondersteuning slegs voor vir jaghandwapens** - Vanuit hierdie sitposisie mag die wapen slegs op ‘n enkele punt deur die skietstokke ondersteun word. Tweepote wat aan die wapen vas is, is nie toelaatbaar nie. Hierdie reël is spesifiek van toepassing op die Jaghandwapen skietoefening met beperkte ondersteuning op 50m.

Alternatiewe sitposisie op skietstoeltjie met beperkte ondersteuning slegs voor vir jaghandwapens – bv. die Jaghandwapen skietoefening met beperkte ondersteuning op 50m.

18.2.2 (a) **Sitposisie met ondersteuning slegs voor** - Skietstokke met ‘n enkele steunpunt of ’n Harris-tipe tweepoot mag die geweer slegs voor die snellerbeuel ondersteun en daar mag nie met enige deel van die liggaam, arms of bene teen die been/bene van die skietstokke geraak word nie. Bv. die Vlakte (Swartwildebees) skietoefening met slegs beperkte ondersteuning voor op op 200m.

Alternatief op ‘n skietstoeltjie

18.2.3 **Sitposisie met vrye ondersteuning** - met hierdie gesteunde sitposisie kan die skut sy skietstokke of Harris tipe tweepoot gebruik na die beste van sy oordeel (kan ook meer as een poot van die skietstok benut) sonder enige beperking, behalwe waar die baanoffisier dit onveilig ag. Dit is toelaatbaar om die elmboë op die knieë te stut en ‘n geweerband is ook toelaatbaar.

Die elmboë, enige deel van die arms of knieë mag nie die grond raak nie en die geweerkolf moet in die skouer wees. Bv. die Vlakte skietoefening met vrye ondersteuning op 200m.

Alternatief met “Harris bipod”

Alternatiewe sitposisie op skietstoeltjie, met vrye ondersteuning op skietstokke - Bv. die Vlakte skietoefening met ‘n skietstoeltjie, op 200m.

18.3 **Kniel skietposisies** word gebruik om toestande in die jagveld te simuleer waar die skut ‘n hoër skietposisie moet inneem om bv. bo-oor gras of ander voorwerpe te skiet en die sit posisie te laag is:

18.3.1 **Vryhand knielposisie -** Geen deel van die liggaam mag aan die grond of enige ander voorwerp raak nie behalwe die een voet en die ander been van die knie af na onder toe. Die voet waarop gesit word kan ook plat gedraai word. Die voorste elmboog mag op die knie rus. Die skut mag ook met beide knieë op die grond kniel soos in die alternatief aangedui maar mag nie afsak en op sy voete sit nie. Bv. die Vlakvark skietoefening waar die vryhand knielposisie op 75m een van die drie opsies is.

Alternatief - kniel op beide knieë, mag nie afsak en op voete sit nie

18.3.2 **Knielposisie met vrye ondersteuning** - knielposisie soos hierbo beskryf in item 18.3.1, maar die skut kan skietstokke gebruik na die beste van sy oordeel (kan ook meer as een poot van die skietstok benut) sonder enige beperking, behalwe waar die baanoffisier dit onveilig ag. Bv. die Bosveld skietoefening in die knielposisie met vrye ondersteuning op 150m.

Alternatief – kniel op beide knie,
mag nie afsak en op voete sit nie

18.4 **Staan skietposisies** word gebruik om toestande in die jagveld te simuleer waar daar gewoonlik vinnig geskiet moet word oor relatief kort afstande en/of die skut 'n hoër skietposisie moet gebruik om bv. bo-oor gras, bosse of ander voorwerpe te skiet en die sit/ lê of kniel posisie te laag is:

18.4.1 **Vryhand staanposisie** – geen bykomende ondersteuning (bv. skietstokke) word gebruik nie en verder gebruik die skut die staanposisie soos dit hom/haar pas. 'n Geweerband is toelaatbaar.

Vanuit die vryhand staanposisie kry die skuts die bevel *"Almal is gereed – sluit grendel en staan by"* - skuts wag op die *bevel* "vuur" met die snellervinger langs die snellerbeuel, met die geweer-loop ongeveer 45 grade na die grond gerig en die tromp (punt) van die geweerloop mag nie hoër as die skut se lyfband ("belt") wees nie. Hierdie posisie geld vir alle skietoefeninge met 'n geweer in die vryhand staanposisie behalwe die swaarkaliber skietoefening waar die gebruik van 'n geweerband nie toegelaat word nie – sien item 18.4.2.

"Gereed"

"Vuur/skiet"

18.4.1 ***(a)*** ***<u>Standaardbevele op die skietbaan vir die vryhand staanposisie – 3 snapskote:</u>***

Nota: As gevolg van die tydsdruk vir elke skoot op skuts gedurende die snapskoot skietoefening is dit belangrik dat duidelike en eenvormige bevele deur Baanoffisiere gegee word om verwarring by die skuts te voorkom. Die oefening word beskou as 'n toets van die skut se vaardigheid sowel as sy toerusting se betroubaarheid. 'n Storing veroorsaak potensieel dat punte verbeur word aangesien die aflossing nie gestop sal word indien enige skut 'n storing ontwikkel na die eerste bevel om te "vuur" gegee is nie.

1. Die bevele tot en met item 6 van "Standaard bevele" bly dieselfde en daarna:

2. ***"Laai en maak gereed"*** (<u>laai magasyn met 3 rondtes</u>/ kamer van enkelskoot vuurwapens en <u>grendel bly oop</u>) (nota: dit is onnodig om skuts met magasyne een skoot per keer te laat laai maar hou steeds beperking van skuts met enkelskoot gewere in gedagte)

3. ***"Is almal gereed?"*** – skuts wat nie gereed is nie moet aanduiding gee

4. ***"Die aflossing is nog nie gereed nie"*** – indien so aangedui.

5. **<u>eerste skoot:</u>**

5.1 Vanuit die vryhand staanposisie kry die skuts die bevel ***"Almal is gereed –sluit die grendel en hou die geweer op 45 grade"*** **–** (2 tot 4 sekonde pouse) - herhaal die bevel ***"45 grade"*** *– (2 sekonde pouse)* - ***"staan by" –*** *(2 sekonde pouse)* (*item 10 van standaardbevele*) - skuts wag op die *bevel* ***"vuur"*** <u>met die snellervinger langs die snellerbeuel, met die geweer-loop ongeveer 45 grade na die grond gerig en die tromp (punt) van die geweerloop mag nie hoër as die skut se lyfband ("belt") wees nie</u>;

Nota: tydsverloop vanaf *"Almal is gereed – sluit grendel en hou die geweer op 45 grade"* na "*Blaas fluitjie*" of gee bevel "*vuur*" nie langer as 2 sekondes nie. Skuts moet nie onnodig lank in die posisie laat staan word nie aangesien dit uiters frustrerend en vermoeiend is – hou ook in gedagte die skuts staan met 'n gelaaide geweer. 'n Skut wat nie gereed is vir die tweede en derde skoot nie, verloor die oorblywende skoot/skote. Bevele word nie onderbreek nie, en die tweede en derde skoot gaan aan.

5.2 ***"Blaas fluitjie"*** of gee bevel ***"vuur"*;**

5.3 Na 5 sekondes: ***"Blaas fluitjie"*** of gee bevel ***"stop"*;**

5.4 Skuts mag herlaai onmiddellik na skoot geskiet is

6. **<u>tweede skoot –</u>** <u>gee genoeg tyd vir laai deur skuts met enkelskoot gewere (maks 12 sekondes):</u>

6.1 ***"herlaai en hou die geweer op 45 grade"*** – (2 tot 4 sekonde pouse) - herhaal die bevel ***"45 grade"*** *- (2 sekonde pouse)-* ***"staan by"*** *(2 sekonde pouse);*

6.2 ***"Blaas fluitjie"*** of gee bevel ***"vuur"***;

6.3 Na 5 sekondes: ***"Blaas fluitjie"*** of gee bevel ***"stop"***;

6.4 Skuts mag herlaai onmiddellik na skoot geskiet is

7. **<u>derde skoot –</u>** <u>gee genoeg tyd vir laai deur skuts met enkelskoot gewere (maks 12 sekondes)</u> :

7.1 ***"herlaai en hou die geweer op 45 grade"*** - (2 tot 4 sekonde pouse) - herhaal die bevel ***"45 grade"-*** *(2 sekonde pouse)-* ***"staan by"*** *(2 sekonde pouse);*

7.2 ***"Blaas fluitjie"*** of gee bevel ***"vuur"*;**

7.3 na 5 sekondes ***"Blaas fluitjie"*** of gee bevel ***"stop"*;**

8. Bevele vanaf item 13 van standaarbevele - ***"Ontlaai, maak veilig"*** – word dan verder gebruik

18.4.2 **Vryhand staanposisie** vir Swaarkaliber gewere, die gebruik van ‘n geweerband word nie toegelaat nie. Bv. die Swaarkaliber skietoefening in die vryhand staanposisie op 25 en 50m.

“Gereed”

alternatief “ Gereed”

“Vuur/skiet

18.4.3 **Vryhand staanposisie met ‘n jaghandwapen** – geen ondersteuning (bv. skietstokke) word gebruik nie. Bv. Jaghandwapen skietoefening in die vryhand staanposisie op 25m.

“Gereed”

“Vuur/skiet”

Nie toegelaat nie

18.4.4 **Staanposisie met vrye ondersteuning** - met hierdie gesteunde staanposisie kan die skut skietstokke gebruik na die beste van sy oordeel (kan ook meer as een poot van die skietstok benut) sonder enige beperking, behalwe waar die baanoffisier dit onveilig ag. Bv. die Bosveld skietoefening in die staanposisie met skietstokke, vrye ondersteuning op 100m.

18.4.5 **Staanposisie met beperkte ondersteuning slegs voor** - die jagwapen word slegs op ‘n enkele punt deur die skietstokke ondersteun of oor die ondersteunende hand by die alternatief hieronder aangedui en geen ander deel van die skut se liggaam, arms of bene mag aan die been/bene van die skietstok raak word nie. Die reël is spesifiek van toepassing by die Vlakvark skietoefening in die staanposisie met beperkte ondersteuning op 75m.

Alternatief bo-oor skietstokke

19. Inligtingsessies (*briefing sessions*) ter voorbereiding van Baanoffisiere/beamptes vir skietkompetisies

Belangrik: Indien daar voor ‘n kompetisie enige twyfel bestaan oor die detail kennis van baanoffisiere/ beamptes oor onderstaande reëls, dan moet die Hoofbaanoffisiere vooraf (nie die oggend van die kompetisienie) ‘n opleidingsessie reël om te verseker dat die baanoffisiere en baanbeamptes die reëls ken en verstaan. Baanoffisiere wat onseker is oor reëls op die dag van die skietkompetisie dra by tot verwarring van en ontevredenheid by skuts.

19.1 Bevestig dat baanoffisiere elkeen ‘n kopie van die volgende in sy besit het en detail kennis van die volgende reëls het:

19.1.1 Universele Reëls by skietoefeninge - dokument: J006.34.06A - Uitgereik: Nov 2018

19.1.2 Skietkompetisiereëls vir die dag:

19.1.2.1 UITDAAG Spanskietkompetisie - SAJWV Liga skietkompetisies - skietoefening vir die UITDAAG Spanskietkompetisie - Dokument: J006.57.01A - Uitgereik: Desember 2015

19.1.2.2 Intertak Spanskietkompetisie en/of Presidentskietkompetisie - SAJWV Liga skietkompetisies – skietoefening vir die President- en Intertak Spanskietkompetisies - Dokument: J006.38.03A - Uitgereik: November 2018

19.2 Bevestig die hantering van skuts wat reëls oortree en die gepaste optrede deur die baanoffisier – verwys na item 15 van die Handleiding vir Baanoffisiere vir “Prosedures i.v.m. die oortreding van kompetisie- en/of veiligheidsreels” en item 15.3 van die Universele Reëls vir skietoefeninge.

19.2.1 Die Baanoffisier **is die verantwoordelike persoon, het die finale gesag op die skietbaan en dit is sy plig** om teen onveilige en ongehoorsame deelnemers op te tree.

19.2.2 Opdragte van Baanoffisiere moet onvoorwaardelik en onmiddellik uitgevoer word.

19.2.3 Baanoffisiere moet uiteraard te alle tye redelik en professioneel optree, maar hulle moet nie huiwer om op te tree as daar oortreding van veiligheidsreëls, skietoefening- of skietkompetisie- reëls deur ‘n deelnemer is nie.

19.3 Bespreek tipiese gevalle van reëls wat skuts gereeld oortree om die baanoffisiere voor te berei waarvoor hulle moet oplet, maar nie beperk daartoe nie:

19.3.1 Vlakteskietoefening: 200m - lê met ondersteuning slegs voor

19.3.2 Bosveld skietoefening – Vryhand staan - snapskote op 50m met geweer 45 grade na die grond gerig

19.3.3 Meer as drie skote per afstand (oefening) waar net 3 skote voorgeskryf is

20. Inligtingsessies (*briefing sessions*) van deelnemers voor ‘n skietkompetisies

20.1 Verduidelik die dagprogram en reëlings i.v.m. bv. die invul van vrywaringsvorms, inskiet van wapens, verversings, waar noodhulp beskikbaar is, ens.

20.2 Bevestig dat skuts die volgende reëls ken en antwoord enige vrae in die verband wat nodig mag wees;

20.2.1 skietbaan veiligheidsreëls;

20.2.2 skietoefeninge- en skietkompetisiereëls;

20.2.3 vestig die skuts se aandag daarop, dat indien hy/sy op enige stadium twyfel oor enige van bogenoemde, die skut die baanoffisier/beampte moet vra vir die nodige inligting;

20.3 Samestelling van die Dispuutkomitee (wie is die persone wat op die Dispuutkomitee dien) en hoe hantering van dispute op die dag hanteer sal word.

20.4 Bevestig die hantering van skuts wat reëls oortree en die gepaste optrede deur die baanoffisier – verwys na item 15.3 van die Universele reëls vir skietoefeninge:

20.4.1 Die Baanoffisier **is die verantwoordelike persoon, het die finale gesag op die skietbaan en dit is sy plig** om teen onveilige en ongehoorsame deelnemers op te tree.

20.4.2 Opdragte van die Baanoffisier moet onvoorwaardelik en onmiddellik uitgevoer word.

20.5 Bespreek tipiese gevalle van reëls wat skuts oortreë, maar nie beperk daartoe nie:

20.5.1 Vlakteskietoefening: 200m - lê met ondersteuning slegs voor

20.5.2 Bosveld skietoefening – Vryhand staan - snapskote op 50m met geweer 45 grade na die grond gerig

20.5.3 Meer as drie skote per afstand (oefening) waar net 3 skote voorgeskryf is